**18 Junie**

**Skrifgedeelte: Titus 3:1-11**
**Fokusgedeelte: Titus 3:4-11**

**Deur die Gees nuwe lewe ... Getuig**

Die uitdagings wat ons as gelowiges vandag moet trotseer, was in baie opsigte alreeds daar toe die apostel Paulus sy brief aan Titus, ’n bekeerling uit die heidennasies, geskryf het. Hulle, sowel as ons, het te doen gehad met ’n heidense owerheid (vs 1), kwaadpratery (vs 2) en rusies (vs 4).
Paulus herinner vir Titus en sy medegelowiges daaraan dat hulle ook vantevore onverstandig, ongehoorsaam, op die verkeerde pad en verslaaf aan allerlei begeertes en singenot was (vs 3). Hy onthou ook dat hulle hul lewe in kwaadwilligheid en jaloesie deurgebring het en dat hulle mekaar gehaat het (vs 3b).
Die genade en die liefde van God was destyds en is vandag ook nog baie duidelik sigbaar in die feit dat Hy ons nie aan onsself oorlaat nie. Hy het op ’n baie kragdadige wyse ingegryp om hulle (destyds) en ons (vandag) te verlos en nuwe mense te maak.
Paulus getuig in *Titus 3:4-7* van die kragdadige ingryping van God. Dit was nie net destyds die oplossing vir die gelowiges se probleme nie, maar dit is ook vandag die enigste oplossing vir al ons probleme en die uitdagings wat ons moet trotseer. Anders gestel:

- Dit gaan nie oor ’n oplossing nie, maar oor ’n Verlosser (vs 4)!
- Dit gaan nie oor vryheid van spraak nie, maar oor vryspraak in Christus (vs 5)!
- Dit gaan nie oor die reg om grond onregmatig te “erf” as gevolg van jou geboorte nie, maar oor jou wedergeboorte wat jou sonde afwas en oor die Heilige Gees wat aan jou ’n nuwe lewe gee (vs 5b).
- Dit gaan ook nie oor die vraag wie arm en wie ryk is nie, want as jy in Christus glo, het God sy Heilige Gees oorvloedig oor jou uitgestort (vs 6).

*Nou het ons getuies geword van hierdie waarhede!*

*Sing: Psalm 73:11 (1936)* *Dr. GCP Labuschagne (Vleuels)*